

VALLETJIES VIR 'N RABBEDOE



AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); ks - koussteek; rif - rjffelsteek (= een regs; een aweregs deurgaans); herh - herhaal; oorbl - oorblywende; rs - reksteek (= elke ry regs); m1 - maak een steek; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; tes - tesame; weersk - weerskante; buis-st - buissteek (= 1e ry: * r 1, garing vorentoe, glip een steek awereggewys, garing agter *; 2e ry en al die daaropvolgende rye: Brei glipsteek regs en laat glip regssteek awereggewys). **Hekel:** kb - kortbeen; krap-st - krapsteek (= kortbeen van links na regs).

AGTERPANT: Met 3,50-mm-breinaalde stel 69 ste op en brei 3 cm rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en koussteek en vermeer 4 ste eweredig gespasieer oor 1e ry.

Brei voort tot werk 27 cm lank is vanaf begin.

Mousgatvorming: Heg 1 st af aan weersk van elke alt ry, 8 keer; **terselfdertyd** om hals te vorm, heg middelste steek af en hou 2 ste aan halsrand in rs. Plaas eerste stel steke op 'n reserwenaald.

VOORPANT: Soos agterpant, maar sonder om steke te verdeel.

MOUE: Met 3,50-mm-breinaalde stel 49 ste op en brei 3 cm rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei ks, vermeer 12 ste eweredig gespasieer oor 1e ry.

Brei voort tot werk 11 cm lank is vanaf beg.

Moukopvorming: Heg 1 st af aan weersk van elke alt ry, 8 keer. Plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Brei tweede mou op dieselfde manier.

SKOUERSTUK: Plaas al die steke vanaf reserwenaalde en kabelnaalde oor op een 4-mm-breinaald en met 4-mm-breinaalde brei ks, maar hou eerste en laaste 2 ste rs, en vermin elke 6 rye 22 ste eweredig gespasieer oor die ry, 4 keer, vermin daarna in elke alt ry 22 ste, 2 keer.

Brei 2 rye sonder enige vermin, slaan dan oor na 3,50-mm-breinaalde en brei 1 cm buissteek. Heg af.

VALLETJIE: Met 4-mm-breinaalde en wit stel 220 ste op en brei 4 rye ks.

5e (gaatjies) ry: r2tes, m 1 tot einde van ry.

Brei voort tot 11e ry en heg af.

Brei voort tot 11e ry en heg af.

Met hekelpen en pienk garing hekel een ry kb en een ry krapsteek aan weerskante van strook. Hekel met pienk 'n lang ketting wat deur die gaatjies geryg kan word.

AFWERKING: Werk sy-, mou- en raglan-nate toe. Maak 2 knoopsgatlusse aan linkerkant van rugopening en werk 2 knope teenoor knoopsgatlusse vas. Werk val aan skouerstuk vas (raadpleeg foto). Borduur oor die 2 rye sonder vermindering met pienk garing in duplikaatsteek, raadpleeg foto.

BENODIGDHEDE: Sirdar Wash 'n' Wear Double Crepe (50-g-bolle); 200 g wit, 'n paar drade pastelpienk van bypassende garing; een paar elk breinaalde van 3,50 mm en 4 mm; hekelpen van 3,50 mm; 2 deurskynende

knoppe.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 60 cm te pas; synaat 27 cm; mounaat 11 cm.

SPANNING: 22 ste en 32 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.